(3) All fire appliances examined and found in order, shall bear a label indicating the name of the company responsible for the examination and on which the person carrying out the examination shall endorse his name and the date of the examination. Any appliances found to be damaged, defective or unsuitable for further use shall be repaired or replaced without delay.

*Watertanks vir Hoë Geboue.*

147.(1)(a) Die eienaar van elke gebou wat 'n hoogte van 15 m oorskry, moet tesame met die stygbrandleiding 'n tenk verskaf wat ten minste 6 kl water bevat en wat op so 'n manier verbind is dat die water tot in die hoofbrandweerpyp kan graviteer ingeval die straathoofleiding nie beskikbaar is nie.

(b) Hierdie tenk moet so geleë wees dat die onderkant daarvan nie laer is nie as die dak of plafon van die gebou se boonste verdieping.

(c) Die aantal stygleidings wat in 'n gebou benodig word, word deur die raad bepaal, en waar daar meer as een sodanige leiding is, moet hulle aan dieselfde tenk deur die toebehore waarna verwys word in paragraaf (d), verbind word en moet kruisverbind wees.

(d) 'n Wielklep en 'n terugslagklep moet aan die bokant van elke stygleiding tussen die boonste verdieping se brandkraan en die tenk aangesit word met 'n 20 mm leiding wat van die straathoofleidingkant van die terugslagklep af tot by die bolkraan in die tenk gevoer moet word.

(2)(a) Geboue wat 'n hoogte van 45 m oorskry, moet, benewens die tenk waarna daar in subartikel (1)(a) verwys word, van 'n opgaartenk wat ten minste 9 kl water bevat en wat op of naby grondvlak geplaas is, voorsien wees.

(b) Die watervlak in die opgaartenk moet in normale omstandighede deur 'n bolkraan beheer word en in 'n noodtoestand deur water na die opgaartenk te voer deur die brandweerverbinding waarna verwys word in artikel 144(1) deur middel van 'n 100 mm pyp.

(c) 'n Meter wat die vlak van die water in die opgaartenk aandui, moet naas die brandweerverbinding aangebring word.

(d) Twee outomatiese pompeenhede, waarvan een vir reserwe-doeleindes is, moet aan die opgaartenk verbind wees om die styghoofleidings te voer. Elke pompeenheid moet —

- (i) in staat wees om 1 kl water per minuut te lewer en om teen dié vloeï by die hoogste platform klep of waterslang uitlaat 'n minimum druk van 300 kPa en 'n maksimum druk van 700 kPa by die onderste uitlaat, te ontwikkel;
- (ii) in opsigtelik-gemerkte kamers met 'n twee-uur brandweerstandsvermoë gehuisves wees;
- (iii) maandeliks deur 'n gekwalifiseerde persoon getoets word. 'n Opgawe waarin sodanige persoon sy naam en die datum waarop die toets uitgevoer is, aantekening, moet aangehou word;
- (iv) met 'n duidelik hoorbare waarskuwingsapparaat toegerus wees om voldoende waarskuwing te gee wanneer die pompeenheid in werking tree.

*Brand- en Draagbaarhysers.*

148.(1) Elke nuwe gebou wat 'n hoogte van 15 m oorskry, moet met ten minste een persone hyscr met 'n minimum diepte van 2 m toegerus wees.

(2) Elke nuwe gebou wat 'n hoogte van 22 m oorskry, moet ten minste een hyscr gereed hou vir onmiddellike gebruik deur die Brandweerdepartement,

*Water Tanks for High Buildings.*

147.(1)(a) The owner of every building with a height exceeding 15 m shall provide in conjunction with the rising fire main, a tank containing not less than 6 kl of water and so connected that the water can gravitate into the fire mains in the event of the street main not being available.

(b) This tank shall be so situated that its bottom shall not be lower than the roof or ceiling of the top storey of the building.

(c) The number of rising mains required in a building shall be determined by the council, and where there is more than one such main they shall be connected to the same tank with the fittings which are referred to in paragraph (d) and shall be cross connected.

(d) A wheel valve and reflux valve shall be fitted at the top of each rising main between the top floor hydrant and the tank with a 20 mm lead which shall be taken from the street main side of the reflux valve to the ballcock in the tank.

(2)(a) Buildings exceeding 45 m in height shall, in addition to the tank referred to in subsection (1)(a), be provided with a storage tank containing not less than 9 kl of water and located at or near ground floor level.

(b) The level of the water in the storage tank shall be controlled by a ballcock in normal circumstances and in an emergency by supplying water into the storage tank through the fire pump connection referred to in section 144(1), by means of a 100 mm pipe.

(c) A gauge which indicates the level of the water in the storage tank, shall be positioned adjacent to the fire pump connection.

(d) Two automatic pumping units, one of which shall be for stand-by purposes, shall be connected to the storage tank to feed the rising mains. Each pumping unit shall —

- (i) be capable of delivering 1 kl of water per minute and at this flow of generating a minimum pressure of 300 kPa at the highest landing valve or hose-reel outlet and a maximum pressure of 700 kPa at the lowest outlet;
- (ii) be housed in conspicuously marked rooms with a two-hour fire-resistance rating;
- (iii) be tested monthly by a qualified person. A record shall be kept in which such person shall endorse his name and the date upon which the test was conducted;
- (iv) have a clearly audible warning device fitted to give adequate warning when the pumping unit comes into operation.

*Fire and Stretcher Lifts.*

148.(1) Every new building exceeding 15 m in height shall have at least one passenger lift with a minimum depth of 2 m.

(2) Every new building exceeding 22 m in height shall have at least one lift ready for immediate use by the Fire Department during all hours of night and day.

enige uur gedurende die dag en nag. Sodanige hyser moet aan 'n nood-elektrisiteitstoevoer verbind wees en moet van 'n goedgekeurde skakelaarkontrole toegerus wees om die Brandweerdepartement in staat te kan stel om beheer van die hyser sonder inmenging deur wisselskakelaars, oor te neem. Sodanige skakelaarkontrole moet tot die voldoening van die raad geplaas word.

(3) Elke nood-elektrisiteitstoevoer wat ingevolge hierdie verordeninge geïnstalleer is, moet van 'n hoofhyser-beheertoestel voorsien wees, welke meganisme alle hysbakke in die gebou in die geval van 'n onderbreking van die gewone elektrisiteitstoevoer outomaties en om die beurt na die vloervlak van die ingangsverdieping laat afgaan, die deure laat oopgaan en daarna die kragtstoevoer tot alle sodanige hysbakke afskakel sonder om die werking van die brandhyser of -hysers enigins te belemmer.

(37) Deur in artikel 149(1) die syfer "30" en die woorde "pakhuis of fabriek" onderskeidelik deur die syfer "22" en die uitdrukking "pakhuis, fabriek of kantore" te vervang.

(38) Deur artikel 150 deur die volgende te vervang:

*"Brandbestryding, Watervoorsiening en Apparaat."*

150.(1) Elke nuwe gebou, buiten private woonhuise vir enkelbewoning, wat 6 m maar nie 15 m hoog oorskry nie, moet voorsien wees van 'n pyp met 'n minimum deursnee van 50 mm wat vanaf die straatwaterhoofleiding tot elke vloerhoogte van die gebou strek, en moet op elke vloerhoogte by plekke deur die raad goedgekeur, voorsien wees van goedgekeurde hidrouliese slangtolle, elk met 'n 20 mm goedgekeurde en versterkte slang met 'n minimum lengte van 30 m, toegerus met 5 mm spuitstukke wat afsluit, in die verhouding van minstens een vir elke 500 m<sup>2</sup> vloeroppervlakte. Met dien verstande dat hierdie bepalings ook op geboue met 'n hoogte van minder as 6 m, maar waarvan die vloeroppervlakte 500 m<sup>2</sup> oorskry, van toepassing is.

(2) Elke nuwe gebou wat 15 m hoog oorskry, moet voorsien wees van 'n pyp met 'n minimum deursnee van 100 mm wat vanaf die straatwaterhoofleiding tot elke vloerhoogte van die gebou strek, en op elke vloerhoogte by plekke wat deur die raad goedgekeur is, voorsien wees met goedgekeurde standaard wielklep brandkrane met 63,5 mm holuittate teen 'n tempo van minstens een vir die eerste 1 000 m<sup>2</sup> en 'n bykomende een vir elke daaropvolgende 2 000 m<sup>2</sup> benewens die slangtolle soos vereis ingevolge subartikel (1). Met dien verstande dat hierdie bepalings ook op enige gebou met 'n hoogte van minder as 15 m maar met 'n vloeroppervlakte wat 1 000 m<sup>2</sup> oorskry, van toepassing is. Met dien verstande voorts, dat sodanige brandkrane nie meer as 70 m uitmekaar geplaas is nie.

(3) Elke nuwe gebou wat 45 m hoog oorskry, moet voorsien wees van 'n pyp met 'n minimum deursnee van 100 mm wat vanaf die straatwaterhoofleiding na 'n tenk, soos omskryf in artikel 147(2)(a) strek, en voorsien wees met 'n minimum van een stygleiding van ten minste 100 mm in deursnee en brandkrane en toslange soos vereis ingevolge subartikels (1) en (2) op elke vloerhoogte by plekke wat deur die raad goedgekeur is.

(4) Alle nuwe geboue of groep geboue wat nie uitdruklik onder subartikels (1) tot en met (3) ingesluit is nie en waar die volgende omstandighede teenwoordig is, moet tot voldoening van die raad brandblus-apparaat geïnstalleer hê om die okkuperders of die

Such lift shall be connected to an emergency electric power supply and shall be fitted with an approved switch control to enable the Fire Department to take control thereof without any interference by landing switches. Such switch control shall be positioned to the satisfaction of the council.

(3) Every emergency electric power supply installed in pursuance of these by-laws shall have a main lift control mechanism which mechanism shall, in the event of failure of the normal electric power supply, bring all lift cars in the building down to the floor of the entrance storey automatically and in rotation, and which shall thereafter switch off the power supply to all such lift cars, leaving all their doors open without interfering in any way with the operation of the fireman's lift or lifts."

(37) By the substitution in section 149(1) for the figure "30" and the words "warehouses or factories" of the Figure "22" and the words "warehouses, factories or offices" respectively.

(38) By the substitution for section 150 of the following:

*"Fire Fighting, Water Supply and Appliances."*

150.(1) Every new building exceeding 6 m but not exceeding 15 m in height, other than private dwelling-houses of single occupancy, shall be provided with a pipe having a minimum diameter of 50 mm leading from the street water main to each floor level of the building and shall be provided on each floor level and at points approved by the council, with approved hydraulic hose reels each with a 20 mm approved and reinforced hose with a minimum length of 30 m and fitted with 5 mm shut-off nozzles at the rate of at least one for every 500 m<sup>2</sup> of floor area. Provided that these requirements shall also apply to buildings with a height of less than 6 m but having a floor area exceeding 500 m<sup>2</sup>.

(2) Every new building exceeding 15 m in height shall be provided with a pipe having a minimum diameter of 100 mm leading from the street water main to each floor level of the building and provided on each floor level at points approved by the council with approved standard wheel valve hydrants with 63,5 mm female outlets at the rate of a minimum of one for the first 1 000 m<sup>2</sup> and an additional one for every 2 000 m<sup>2</sup> thereafter in addition to the hose reels required in terms of subsection (1). Provided that these requirements shall also apply to any building with a height of less than 15 m but having a floor area exceeding 1 000 m<sup>2</sup>. Provided further that such hydrants shall not be spaced more than 70 m apart.

(3) Every new building exceeding 45 m in height shall be provided with a pipe having a minimum diameter of 100 mm leading from the street water main to a tank, as referred to in section 147(2)(a), and shall be provided with a minimum of one riser of at least 100 mm in diameter and hydrants and hose reels as required in terms of subsections (1) and (2) at each floor level at points approved by the council.

(4) Every new building or group of buildings not specifically included under subsections (1) to (3) inclusive and where the following circumstances exist, shall have fire extinguishing equipment installed to the satisfaction

brandweerdepartement by sy aankoms, in staat te stel om teen 'n brand op te tree:

(a) Waar die voertuie van die brandweerdepartement nie binne 30 m van enige deel van 'n gebou kan nader nie; of

(b) waar enige deel van 'n gebou verder as 60 m van enige straat of openbare weg is.

(5) Die brandweerdienst ten opsigte van enige deel van 'n gebou wat voor voltooiing van die hele projek geokkupeer kan word moet ten opsigte van sodanige geokkupeerde deel ooreenkomstig die bepalings van subartikels (1), (2), (3) en (4), in werking tree.

(6) Die brandweerdienst ten opsigte van 'n hoë verdiepinggebou onder konstruksie moet met die gebou vorder tot 'n hoogte wat nie meer as 15 m laer is as die hoogste punt van die gebou op enige tydstip."

(39) Deur na artikel 150 die volgende in te voeg:

*"Brandgevaar op Onbeboude Grond of op Persele.*

150A.(1) As bestaande toestande op enige onbeboude grond of op enige perseel 'n brandgevaar van watter aard ook al skep of in die toekoms kan skep, kan die raad vereis dat die eienaar daarvan sodanige brandgevaar uit die weg moet ruim of dat hy sodanige brandblustoerusting wat die raad nodig ag, moet voorsien.

(2) As grond gebruik word vir die opberging van brandbare materiaal of vir 'n woonwa-, mobiele woning, pretpark, tentoonstellingsterrein of vir enige ander doel wat na die mening van die raad 'n brandgevaar inhou, moet die eienaar van sodanige grond toereikende brandkrane en gemonteerde slangtolle op sodanige wyse installeer dat elke gedeelte van sodanige grond bereik kan word met brandslange wat aan die brandkrane of slangtolle gekoppel is."

*"Foutiewe Werking van Brandalarmstelsels.*

150B. Waar die brandweerdepartement optree na aanleiding van 'n vals alarm vanweë die foutiewe werking van enige brandalarmstelsel wat in 'n gebou geïnstalleer is, word daar geag dat die eienaar van die gebou vir sodanige foutiewe werking aanspreeklik is en is hy in die geval van elke sodanige optrede aanspreeklik vir die betaling van R50 aan die raad."

(40) Deur aan die end van artikel 153(2) die volgende by te voeg: "en sodanige onderverdeling deur die Registrateur van Aktes geregistreer is."

(41) Deur artikel 154 te skrap.

(42) Deur na artikel 163(3) die volgende by te voeg:

"(4) Waar die raad van mening is dat 'n toegangspad vir brandweerapparaat tot enige perseel nodig is, moet sodanige toegangspad onbelemmerd tot 'n minimum mate van 4 m hoog en 4,5 m wyd met 'n voldoende draai-omtrek gehou word, om die gemaklike beweging van sodanige apparaat toe te laat en moet voldoende gebou wees om die swaarste brandweerapparaat te kan dra."

(43) Deur na artikel 171(3) die volgende in te voeg, en die bestaande subartikels (4) en (5) onderskeidelik te hernoem (5) en (6):

"(4) Elke gebou wat toegeboude algemene toegangsgange het, moet voorsien wees van permanente onbe-

of the council enabling a fire to be dealt with either by the occupants or by the Fire Department on its arrival:

(a) Where the vehicles of the Fire Department cannot approach to within 30 m of any part of a building; or,

(b) where any part of a building is further than 60 m from any street or public road.

(5) The fire service in respect of any portion of a building which may become occupied prior to completion of the entire project, shall become operative in respect of such occupied portion of such building in accordance with the provisions of subsections (1), (2), (3) and (4).

(6) The fire service in respect of a high rise building under construction shall progress with the building to a height of not more than 15 m below the highest point of the building at any time."

(39) By the insertion after section 150 of the following:

*"Fire Hazards on Vacant Land or on Premises.*

150A.(1) Where existing circumstances on any vacant land or on any premises create a fire hazard of whatever nature or may in future create a fire hazard, the council may require the owner thereof to eliminate such hazard or provide such fire extinguishing equipment as the council may consider necessary.

(2) Where land is used for the storage of combustible material, or as a caravan park, mobile home, amusement park, exhibition ground, or for any other purpose which in the opinion of the council constitutes a fire hazard, the owner of such land shall install a sufficient number of hydrant valves and fitted hose reels in such a manner that every part of such land can be reached by hoses attached to such valves or hose reels.

*"Malfunctioning of Fire Alarm Systems.*

150B. Where the Fire Department responds to a false alarm due to the malfunctioning of any fire alarm system installed in a building, the owner of such building shall be deemed to be responsible for such malfunctioning and shall be liable for the payment of R50 to the council for each such response."

(40) By the addition at the end of section 153(2) of the following:

"and such division has been registered by the Registrar of Deeds"

(41) By the deletion of section 154.

(42) By the addition after section 163(3) of the following:

"(4) Where in the opinion of the council an access way for fire brigade appliances to any premises is necessary, such access way shall be kept unobstructed to the minimum extent of 4 m in height and 4,5 m in width and an adequate turning radius to allow for easy manoeuvring of such appliances and shall be adequately constructed so as to support the heaviest fire appliance."

(43) By the insertion after section 171(3) of the following and the renumbering of the existing subsections (4) and (5) to read (5) and (6) respectively:

(4) Every building having enclosed common access corridors shall be provided with permanent unobstructed

lemmerde openinge in die buitemure van sodanige gange gelykstaande in oppervlakte met 5% van die vloeroppervlakte wat deur sodanige gange in beslag geneem word, om in geval van brand vir die ontsnapping van rook voorsiening te maak. Sodanige openinge moet eweredig oor die hele lengte van sodanige gange tot voldoening van die raad gespasieer wees."

(44) Deur na artikel 175(2) die volgende by te voeg:

"(3)(a) Waar gekanaliseerde meganiese lugversorging en/of ventilasiesistels in 'n gebou geïnstalleer word, moet sodanige kanale en/of sistels uit 'n goedgekeurde metaal of nie-brandbare materiaal bestaan, en met outomatiese dempers of ander goedgekeurde apparaat ontwerp, gebou en toegerus wees om sodoende die moontlikheid uit te skakel dat brand, verhitte gasse en rook van die een kant van 'n bewoningskeidingsstruktuur na die anderkant daarvan, of van een verdieping of gedeelte daarvan na enige ander verdieping of gedeelte daarvan vervoer word.

(b) Enige materiaal wat as voering, bedekking, isolering of as 'n middel om pype of kanale te las, gebruik word, moet nie 'n vlamspreivermoë van meer as 10 en nie 'n rookontwikkelingsvermoë van meer as 25 hê nie."

(45) Deur in artikel 183(3) die woorde "en nie uit enige soort metaal of ander beplating nie" deur die woorde "of sodanige ander materiaal as wat die ingenieur mag goedkeur" te vervang.

(46) Deur in artikel 195 na die woorde "voorsien is" die volgende in te voeg:

"of waar sodanige bediendes in diens is,".

(47) Deur in artikel 200 die woorde "wat nie meer nie as twee-derdes van die hoogte van die apartement beslaan nie" te skrap.

(48) Deur na artikel 205 die volgende in te voeg:

*"Kunsverligting.*

205A. In enige gebou wat interne wandelbane, gange en ander soortgelyke ruimtes het waar kunsverligting die enigste bron van verligting is, moet 'n minimum van een-derde van sodanige verligting en alle verligte uitgangtekens aan 'n nood reserwe kragbron, wat in die geval van 'n onderbreking in die hoofelektrisiteitstoevoer outomaties in werking tree, gekonnekteer wees. In die geval van trapkuile, moet alle verligting wat aan die hoofelektrisiteitstoevoer gekonnekteer is, aan sodanige reserwe kragbron gekonnekteer wees."

(49) Deur artikel 209 te skrap.

(50) Deur aan die end van artikel 267 die volgende by te voeg:

"Met dien verstande dat waar die aantal sitplekke in 'n ry 14 oorskry, die rug tot rug afmeting van sitplekke tot 1 100 mm vermeerder moet word."

(51) Deur in artikel 271 —

(a) aan die end van subartikel (1) die volgende by te voeg:

"en die verhooggebied met 'n outomatiese sprinkelaarstelsel toegerus is"; en

(b) na subartikel (4) die volgende by te voeg:

"(5) Die bepalings van subartikels (2) en (3) is nie van toepassing nie op 'n gebou wat geheel en al

openings in the outside wall of such corridors equivalent in area to 5% of the floor area occupied by such corridors to allow for the escape of smoke in the event of a fire. Such openings shall be evenly spaced along the entire length of such corridors to the satisfaction of the council."

(44) By the addition after section 175(2) of the following:

"(3)(a) Where ducted mechanical air-conditioning and/or ventilation systems are installed in a building, such ducting and/or systems shall consist of an approved metal or non-combustible material and shall be designed, constructed and fitted with automatic dampers or other approved devices so as to eliminate the possibility of fire, hot gases or smoke being conveyed from one side of an occupancy separation structure to the other side thereof or from one storey or part thereof to any other storey or part thereof.

(b) Any material used as a lining, covering, insulation or as a means of joining pipes or ducts shall have a flame spread rating of not more than 10 and a smoke development rating of not more than 25."

(45) By the substitution in section 183(3) for the words "and not of any kind of metal or other sheeting" of the words "or such other material as may be approved by the engineer".

(46) By the insertion in section 195 after the words "Coloured servants" of the following:

"or where such servants are employed".

(47) By the deletion in section 200 of the words "not exceeding two-thirds of the height of the apartment".

(48) By the insertion after section 205 of the following:

*"Artificial Lighting.*

205A. In any building having internal malls, passages and other similar areas where artificial lighting is the sole source of illumination, a minimum of one third of such lighting and all illuminated exit signs shall be connected to an emergency stand-by power plant which shall automatically come into operation in the event of a failure of the main electricity supply. In the case of stairwells, all lighting connected to the main electricity supply shall be connected to such stand-by power plant."

(49) By the deletion of section 209.

(50) By the addition at the end of section 267 of the following:

"Provided that where the number of seats in a row exceeds 14, the back to back measurement of seats shall be increased to 1 100 mm."

(51) By the addition in section 271 —

(a) at the end of subsection (1) of the following:

"and the stage area is fitted with an automatic sprinkler system"; and

(b) after subsection (4) of the following:

"(5) The provisions of subsections (2) and (3) shall not apply to a building which is entirely cut off from the

van die teater deur middel van brandvaste konstruksie met 'n minimum brandweerstandsvermoë van 4 uur afgesny is, en waar daar na die raad se mening geen gevaar vir die veiligheid van die bewoners van die gebou is nie"

(52) Deur artikel 273 deur die volgende te vervang:

*"Brandafsondering van Teaters en Kinematograafgeboue.*

273. In alle teater- en kinematograafgeboue waarin sitplek vir meer as 200 persone verskaf word, moet die afskortings, buiteportale, voorportale, trappe en elke uitgang of ingang vir die publiek van materiaal wat 'n brandweerstandsvermoë van ten minste een uur het, gemaak wees.

*Verbod op Rook.*

273A. Niemand mag in enige openbare saal, kinematograafsaal of teater rook nie en die woorde 'ROOK VERBODE/SMOKING PROHIBITED' moet opvallend in letters wat ten minste 150 mm hoog is aan die buitekant van elke toegang tot sodanige plek sowel as aan die binnekant van sodanige plek aangebring word, en moet te alle tye op die plek in 'n leesbare toestand in stand gehou word."

(53) Deur aan die end van artikel 277 die volgende by te voeg:

" , behalwe waar die wydte van 'n beukpaadjie of gang oor sy totale lengte die volle wydte van die uitgang deur is".

(54) Deur artikel 291 te skrap.

(55) Deur subartikel (1) van artikel 292 deur die volgende te vervang:

"(1) Die dak oor die verhoog moet van brandbestande materiaal wees en voorsiening moet gemaak word vir 'n uitlaat of uitlate op hoë vlak en van voldoende oppervlak om vir die ontsnapping van rook voorsiening te maak. Tensy die raad anders toelaat, moet die uitlaat aan die agterkant daarvan voorsien wees met 'n daklantern of daklanterns gelykstaande by die voet daarvan met ten minste 5% van die oppervlakte van die verhoog."

(56) Deur artikel 303 te wysig deur —

(a) subartikel (3) deur die volgende te vervang:

"(3) Stoele moet in lengtes van ten minste 4 en hoogstens 40 sitplekke of stoele in een seksie geplaas word onderworpe aan die nakoming van die bepalings van artikel 267."; en

(b) Na subartikel (4) die volgende by te voeg:

"(5) Waar die aantal sitplekke of stoele in een seksie, 14 oorskry, moet sodanige sitplekke of stoele van 'n soort wees wat toelaat dat die horisontale deel outomaties opslaan wanneer dit nie in gebruik is nie."

(57) Deur artikel 306 te skrap.

(58) Deur subartikel (3) van artikel 307 te skrap.

(59) Deur artikel 308 deur die volgende te vervang:

*"Brandkrane en Slangtolle in Openbare Geboue.*

308. Alle openbare geboue behalwe kerke, kapelle en ander plekke vir openbare eerbetoning moet met

theatre by means of fire resisting construction with a minimum fire-resistance rating of 4 hours, and where in the opinion of the council there is no danger to the safety of the occupants of the building."

(52) By the substitution for section 273 of the following:

*"Fire Separation of Theatres and Cinematograph Buildings.*

273. In all theatre and cinematograph buildings in which more than 200 persons are to be accommodated, the partitions, porches, vestibules, stairs and every means of egress and ingress for the public shall be constructed of materials with a fire-resistance rating of not less than one hour.

*Prohibition of Smoking.*

273A. No person shall smoke in any public hall, cinematograph hall or theatre, and the words 'SMOKING PROHIBITED/ROOK VERBODE' shall be prominently displayed in letters not less than 150 mm high outside every entrance to such place as well as on the inside of such place and shall at all times be maintained in such positions and in a legible condition."

(53) By the addition at the end of section 277, of the following:

" , except where the width of an aisle or passage over its entire length is the full width of the exit door".

(54) By the deletion of section 291.

(55) By the substitution for subsection (1) of section 292 of the following:

"(1) The roof over the stage shall be of fire-resisting material and provision shall be made for an outlet or outlets at high level and of sufficient area to allow for the escape of smoke. Unless otherwise permitted by the council, the outlet shall be fitted with a lantern light or lights at the back thereof equal at the base to at least 5% of the area of the stage."

(56) By amending section 303 by —

(a) the substitution for subsection (3) of the following:

"(3) Chairs shall be placed in lengths of not less than 4 and not more than 40 seats or chairs in one section, subject to compliance with the provisions of section 267."; and

(b) the addition after subsection (4) of the following:

"(5) Where the number of seats or chairs in one section exceeds 14, such seats or chairs shall be of a type which permits the horizontal part to tip up automatically when not in use."

(57) By the deletion of section 306.

(58) By the deletion of subsection (3) of section 307.

(59) By the substitution for section 308 of the following:

*"Fire Hydrants and Hose Reels in Public Buildings.*

308. All public buildings except churches, chapels and other places of public worship, shall be provided

'n voldoende aantal brandkrane en slangtolle ooreenkomstig die bepalings van artikel 150 voorsien wees."

(60) Deur artikels 309 en 310 te skrap.

(61) Deur in artikel 312 die woorde "soos volg versprei wees" deur die uitdrukking "versprei wees, met 'n minimum van" te vervang.

(62) Deur artikel 313 deur die volgende te vervang:

*"Brandemmers."*

313. 'n Voldoende aantal brandemmers, tot bevrediging van die raad met water gevul moet tot voldoening van die Raad in die vleuels geplaas wees."

(63) Deur aan die end van die opskrif by artikel 314 die volgende by te voeg:

*"by Teateropvoerings"*

(64) Deur artikel 316 deur die volgende te vervang:

*"Voetligte."*

316. Die voetligte vooraan die verhoog of gedeelte van die gebou wat as verhoog gebruik word, moet deur draadskutte soos deur die raad goedgekeur, beskerm wees. In alle gevalle moet voetligte slegs uit elektriese ligte bestaan."

(65) Deur artikel 317 te wysig deur —

(a) subartikel (1) deur die volgende te vervang:

"(1) In elke openbare gebou wat vir opvoeringsdoeleindes gebruik word en wat toneelbybehore het, moet 'n brandbestande skerm van yster, asbes- of ander nie-brandbare materiaal met 'n brandweerstandsvermoë van ten minste twee uur in sodanige posisie geplaas word, dat dit onmiddellik neergelaat of gesluit kan word, die prosceniumopening geheel dek en waar van toepassing, in ystergroewe loop waarvan die agterkant 150 mm van die rand van die prosceniumopening moet wees. Genoemde skerm moet aan die verhoogkant van die prosceniummuur wees en van sodanige digtheid, stewigheid en inrigting as wat die raad voldoende ag."

(b) subartikel (2) te skrap;

(c) in subartikel (3) na die woord "afsak" die woorde "of sluit" in te voeg;

(d) in subartikel (4) na die woord "bedek" die woorde "of sluit" in te voeg;

(e) aan die end van subartikel (4) die volgende by te voeg:

"Die skerm mag hoogstens vyf minute voor die aanvang van elke vertoning opgehys of oopgetrek word."; en

(f) subartikel (5) deur die volgende te vervang:

"(5) Die woorde 'Veiligheidskerm/Safety Curtain' moet aan die gehoorsaalkant van die veiligheidskerm in blokletters van 300 mm hoog in 'n opvallende kleur aangebring word en sodanige letters moet ten minste 1,5 m vanaf die onderste deel van die skerm af wees."

(66) Deur artikel 318 te skrap.

(67) Deur in artikel 319 die woorde "gas- en" te skrap.

(68) Deur na artikel 325 die volgende in te voeg:

with a sufficient number of hydrants and hose reels in accordance with the provisions of section 150."

(60) By the deletion of sections 309 and 310.

(61) By the substitution in section 312 for the words "as follows" of the expression "with a minimum of".

(62) By the substitution for section 313 of the following:

*"Fire Buckets."*

313. A sufficient number of fire buckets to the satisfaction of the council, filled with water, shall be positioned in the wings."

(63) By the addition to the heading to section 314 of the following:

*"at Theatrical Performances"*

(64) By the substitution for section 316 of the following:

*"Footlights."*

316. The footlights in front of the stage or portion of the building used as a stage shall be protected by wire guards approved by the council. In all cases footlights shall consist of electric lights only."

(65) By amending section 317 by —

(a) the substitution for subsection (1) of the following:

"(1) In every public building used for theatrical purposes and having scenic accessories, a fire-resisting curtain of iron, asbestos or other non-combustible material having a fire-resistance rating of not less than two hours shall be placed in such a position that it can be instantaneously lowered or closed and shall completely cover the proscenium opening, running, where applicable, in iron grooves, the back of which shall be at least 150 mm from the edge of the proscenium opening. The said curtain shall be on the stage-side of the proscenium wall and shall be of such consistency, rigidity and arrangement as is satisfactory to the council."

(b) the deletion of subsection (2);

(c) the insertion in subsection (3) after the word "lower" of the words "or close";

(d) the insertion in subsection (4) after the word "lowered" of the words "or closed";

(e) the addition at the end of subsection (4) of the following: "The curtain shall only be raised or opened not more than five minutes prior to the commencement of every performance"; and

(f) the substitution for subsection (5) of the following:

"(5) The words 'Safety Curtain/Veiligheidskerm' shall be provided on the auditorium side of the safety curtain in 300 mm high block letters of a conspicuous colour, such lettering to be not less than 1,5 m from the bottom of the curtain."

(66) By the deletion of section 318.

(67) By the deletion in section 319 of the words "gas and".

(68) By the insertion after section 325 of the following:

*"Nie-brandbare of Brandbestande Materiale."*

325A. Enige materiaal wat as 'n muur- of 'n plafonvoering, of as 'n hangplafon, of vir akoestiese of termiese isolasiedoeleindes, of vir enige dekoratiewe kenmerke, of oppervlakafwerking, of sitplekbekleedsel gebruik word, moet of nie-brandbaar wees of sodanig behandel word dat sodanige materiaal in staat is om die werking van brand vir 'n duur van ten minste een uur te weerstaan."

(69) Deur na artikel 336(2) die volgende by te voeg:

"(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is nie van toepassing waar nie-vlambare film gebruik word en die projektors van die outomatiese tipe is nie."

(70) Deur in artikel 337 na die woord "buitelug" die uitdrukking "of soos die raad anders mag bepaal," in te voeg.

(71) Deur in artikel 341(3) die uitdrukking "met inbegrip van 'n chemiese brandblusser met 'n inhoudsvermoë van 14 liter, 'n emmer sand en 'n nat kombers" deur die woorde "wat deur die raad goedgekeur is" te vervang.

(72) Deur aan die end van artikel 357 die volgende by te voeg:

"Met dien verstande voorts dat, waar daar slegs outomatiese projektors met nie-vlambare film gebruik word, die operateur soos hierbo vermeld en soos na verwys word in artikels 342, 358, 360, 361, 362 en 363, nie gelisensieer hoef te wees nie."

(73) Deur in artikel 367 die syfers "R50", "R10" en "R100" onderskeidelik deur die syfers "R100", "R25" en "R300" te vervang.

(74) Deur in Bylae 2 —

(a) in Aanhangsel II —

(i) in item (a) die syfer "20c" deur die syfer "50c" te vervang;

(ii) in item (b) die syfer "5c" deur die syfer "10c" te vervang;

(iii) in item (c) die syfer "25c" deur die syfer "50c" te vervang;

(iv) in item (d) die syfer "20c" deur die syfer "50c" te vervang;

(v) in item (f) die syfer "50c" deur die syfer "R1" te vervang;

(vi) in item (g) die syfer "50c" deur die syfer "R1" te vervang;

(vii) in item (h) die syfer "50c" deur die syfer "R1" te vervang;

(b) in Aanhangsel VI die syfer "R5" deur die syfer "R6" te vervang; en

(c) in Aanhangsel VII —

(i) in item 1(1)(a) die syfer "R2" deur die syfer "R3" te vervang;

(ii) in item 1(1)(b)(i) die syfer "50c" deur die syfer "R1,50" te vervang;

(iii) in item 1(1)(b)(ii) die syfer "30c" deur die syfer "R1" te vervang;

(iv) in item 1(1)(b)(iii) die syfer "20c" deur die syfer "50c" te vervang;

*"Non-combustible or Fire-Resisting Materials."*

325A. Any material used as a wall or ceiling lining or as a suspended ceiling or for acoustic or thermal insulation purposes or for any decorative features or surface finishing or for seat covering shall be either non-combustible or treated so that such material is capable of resisting the action of fire for a minimum duration of one hour."

(69) By the addition after section 336(2) of the following:

"(3) The requirements of subsections (1) and (2) shall not apply where nonflammable film is used and the projectors are of the automatic type."

(70) By the insertion in section 337 after the word "air" of the expression "or as the council may otherwise determine,"

(71) By the substitution in section 341(3) for the expression "including a chemical fire extinguisher of 14 litre capacity, a bucket of sand and a wet blanket" of the words "approved by the Council".

(72) By the addition at the end of section 357 of the following:

"Provided further, that where automatic projectors only, with nonflammable film are used, the operator need not be licensed as stated above and as referred to in sections 342, 358, 360, 361, 362 and 363."

(73) By the substitution in section 367 for the figures "R50", "R10" and "R100" of the figures "R100", "R25" and "R300" respectively.

(74) By the substitution in Schedule 2 —

(a) in Appendix II —

(i) in item (a) for the figure "20c" of the figure "50c";

(ii) in item (b) for the figure "5c" of the figure "10c";

(iii) in item (c) for the figure "25c" of the figure "50c";

(iv) in item (d) for the figure "20c" of the figure "50c";

(v) in item (f) for the figure "50c" of the figure "R1";

(vi) in item (g) for the figure "50c" of the figure "R1"; and

(vii) in item (h) for the figure "50c" of the figure "R1";

(b) in Appendix VI for the figure "R5" of the figure "R6"; and

(3) in Appendix VII —

(i) in item 1(1)(a) for the figure "R2" of the figure "R3";

(ii) in item 1(1)(b)(i) for the figure "50c" of the figure "R1,50";

(iii) in item 1(1)(b)(ii) for the figure "30c" of the figure "R1";

(iv) in item 1(1)(b)(iii) for the figure "20c" of the figure "50c";

(v) in item 2 die uitdrukking "2c per m<sup>2</sup>" deur die uitdrukking "20c per 10 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan" te vervang;

(vi) in item 3 die syfer "R2" deur die syfer "R3" te vervang;

(vii) in item 4 die syfers "R1" en "R2" onderskeidelik deur die syfers "R2" en "R3" te vervang;

(viii) in item 5 die syfers "R1" en "R2" onderskeidelik deur die syfers "R2" en "R3" te vervang.

(75) Deur na Aanhangsel VII onder Bylae 2 die volgende by te voeg:

**"AANHANGSEL VIII — DEPOSITO'S BETAALBAAR VIR DIE VERWYDERING VAN BOUERS-PUIN.**

1. Deposito's soos ingevolge artikel 44 vereis, word soos volg gehef:

(a) Waar die totale vloeroppervlakte van 'n gebou, buitegeboue ingesluit, nie 60 m<sup>2</sup> oorskry nie: R30.

(b) Waar die totale vloeroppervlakte van 'n gebou, buitegeboue ingesluit, meer as 60 m<sup>2</sup> tot en met 200 m<sup>2</sup> is, per m<sup>2</sup> van sodanige totale vloeroppervlakte: 50c.

(c) Waar die totale vloeroppervlakte van 'n gebou, buitegeboue ingesluit, meer as 200 m<sup>2</sup> is, ongeag die grootte of aard van die gebou: R100:

Met dien verstande dat waar vyf of meer geboue, buitegeboue ingesluit, gelyktydig deur dieselfde applikant opeerig, verander of gesloop word, 'n deposito van R500 ten opsigte van sodanige geboue gehef word.

2. Deposito ten opsigte van 'n swembad, ongeag die grootte of fatsoen van sodanige swembad: R100."

2. Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Sandton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 244 van 11 Maart 1970, soos gewysig, word hierby herroep.  
PB. 2-4-2-19-116

Administrateurskennisgewing 1151 17 Augustus 1977

**MUNISIPALITEIT STILFONTEIN: WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE VIR SANITÊRE DIENS.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Tarief van Gelde vir Sanitêre Diens van die Munisipaliteit Stilfontein, afgekondig by Administrateurskennisgewing 247 van 28 Maart 1956, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur item 1 te wysig deur —

(a) in subitem (a)(i) die syfer "R2,00" deur die syfer "R2,50" te vervang; en

(b) paragraaf (ii) van subitem (a) te skrap.

2. Deur in items 2(1), (2), (3) en (4)(i) die syfers "1,60", "2,25", "3,20" en "1,50" onderskeidelik deur die syfers "2,00", "2,85", "4,00" en "2,00" te vervang.

(v) in item 2 for the expression "2c per m<sup>2</sup>" of the expression "20c per 10 m<sup>2</sup> or part thereof";

(vi) in item 3 for the figure "R2" of the figure "R3";

(vii) in item 4 for the figures "R1" and "R2" of the figures "R2" and "R3" respectively; and

(viii) in item 5 for the figures "R1" and "R2" of the figures "R2" and "R3" respectively.

(75) By the addition after Appendix VII under Schedule 2 of the following:

**"APPENDIX VIII — DEPOSITS PAYABLE FOR THE REMOVAL OF BUILDING RUBBLE.**

1. Deposits, as required in terms of section 44 shall be levied as follows:

(a) Where the total floor area of a building, outbuildings included, does not exceed 60 m<sup>2</sup>: R30.

(b) Where the total floor area of a building, outbuildings included, exceeds 60 m<sup>2</sup> up and including 200 m<sup>2</sup>, per m<sup>2</sup> of such total floor area: 50c.

(c) Where the total floor area of a building, outbuildings included, exceeds 200 m<sup>2</sup>, irrespective of the size or nature of the building: R100:

Provided that where five or more buildings, outbuildings included, are to be erected, altered or demolished simultaneously by the same applicant, a deposit of R500 shall be levied in respect of such buildings.

2. Deposit in respect of a swimming pool, irrespective of the size or shape of such swimming pool: R100."

2. The Building By-laws of the Sandton Municipality, published under Administrator's Notice 244, dated 11 March, 1970, as amended, are hereby revoked.

PB. 2-4-2-19-116

Administrator's Notice 1151 17 August, 1977

**STILFONTEIN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TARIFF OF CHARGES FOR SANITARY SERVICE.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The *Tariff of Charges for Sanitary Service of the Stilfontein Municipality* published under Administrator's Notice 247, dated 28 March, 1956, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By amending item 1 by —

(a) the substitution in subitem (a)(i) for the figure "R2,00" of the figure "R2,50"; and

(b) the deletion of paragraph (ii) of subitem (a).

2. By the substitution in items 2(1), (2), (3) and (4)(i) for the figures "1,60", "2,25", "3,20" and "1,50" of the figures "2,00", "2,85", "4,00" and "2,00" respectively.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree in werking op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan.

PB. 2-4-2-81-115

Administrateurskennisgewing 1152 17 Augustus 1977

**MUNISIPALITEIT SWARTRUGGENS: WYSIGING VAN VERORDENINGE OP DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge op die lewering van Elektrisiteit van die Munisipaliteit Swartruggens, afgekondig by Administrateurskennisgewing 392 van 22 Mei 1957, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 7 van die Tarief van Gelde onder Deel III die uitdrukking "40%" deur die uitdrukking "60%" te vervang.

PB. 2-4-2-36-67

Administrateurskennisgewing 1153 17 Augustus 1977

**MUNISIPALITEIT SWARTRUGGENS: WYSIGING VAN SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre- en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Swartruggens, afgekondig by Administrateurskennisgewing 956 van 4 Junie 1975, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur item 3 deur die volgende te vervang:

*"3. Verwydering van Rioolvuil.*

Vir elke vrag van 7 kl of gedeelte daarvan in die maand: R2,50."

2. Deur na item 5 die volgende by te voeg:

*"6. Sny van Gras op Erwe.*

Vir elke uur of gedeelte daarvan: R10."

PB. 2-4-2-81-67

Administrateurskennisgewing 1154 17 Augustus 1977

**MUNISIPALITEIT WITRIVIER: WYSIGING VAN SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre- en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Witrivier, afgekondig by Administrateursken-

The provisions in this notice contained, shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

PB. 2-4-2-81-115

Administrator's Notice 1152 17 August, 1977

**SWARTRUGGENS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Swartruggens Municipality, published under Administrator's Notice 392, dated 22 May, 1957, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 7 of the Tariff of Charges under Part III for the expression "40%" of the expression "60%".

PB. 2-4-2-36-67

Administrator's Notice 1153 17 August, 1977

**SWARTRUGGENS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Swartruggens Municipality, published under Administrator's Notice 956, dated 4 June 1975, as amended, is hereby further amended as follows:

1. By the substitution for item 3 of the following:

*"3. Removal of Sewage.*

For each load of 7 kl or part thereof in the month: R2,50."

2. By the addition after item 5 of the following:

*"6. Cutting of Grass on Erven.*

For every hour or part thereof: R10."

PB. 2-4-2-81-67

Administrator's Notice 1154 17 August, 1977

**WHITE RIVER MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

